

Die opdrag van gehoorsaamheid aan gesagstrukture

Teks: Genesis 9: 20 - 28 & Sondag 39

Teksvers: Genesis 9: 22 - 23

1. Inleiding

“Gesag word verdien, ek weier om iemand met tekortkominge te eer en respekteer.” Klink hierdie na bekende uitsprake wanneer dit by die erkenning van gesag kom? In ons leediens vanaand gaan ons fokus op die 5de gebod soos ons dit ook bely in Sondag 39 van die Heidelbergse kategismus. Ons almal ken die bewoording van die 5de gebod in Eksodus 20:12 goed: “¹²Eer jou vader en jou moeder, dat jou dae verleng mag word in die land wat die HERE jou God aan jou gee.”

Maar hoe nou gemaak indien hierdie gesag nie volmaak is nie. Sien dit is maklik om God te eer en verheerlik, want Hy is volkmaak, absoluut heilig. Maar wanneer dit by aardse gesagstrukture kom is dit nie die geval nie. Mense wat in gesagsrolle oor ons aangestel is, is steeds mense. Met ander woorde daar is altyd sonde en versoekings waaraan toegegee word. Dit het dan ook al vir die moderne mens, ’n gemaklike meganisme geword om uiteindelik nie voor gesag te buig nie. Die siening dat selfs die geringste misstap gesag, gesagloos laat is baie gewild vandag.

Tog is daar natuurlik ook die ander uiterste. Dit is hier waar ons voor absolute onvoorwaardelike gehoorsaamheid kom. ’n Gehoorsaamheid selfs tot in misdaad, mishandeling of ander bose sake in. Wat sê die vyfde gebod en dan uiteindelik ook die tien gebooie as geheel oor die onvoorwaardelike gehoorsaamheid?

Ons raak vanaand stil voor ’n baie antiek teksgedeelte. Daar waar die mens vir eerste keer alkohol gebruik, of eintlik misbruik en die ekstreme gevolge daarvan. Noag plant ’n wingerd, maak wyn en word dronk in Genesis 9.

2. Die spot dryf met gesagstrukture

Terwyl teksgedeeltes soos Efesiërs 5:18 en 1 Korintiërs 6:9-10 oor die verbod op alkohol misbruik steeds geld, is hier ook ’n ander les ons teksgedeelte vanaand. Die hartseer effek van drankmisbruik word fisies gesien aan Noag wat ontklee in sy tent lê en slaap. Maar dit is wat Gam uiteindelik doen wat vir ons iets meer oor die vyfde gebod leer.

Die naaktheid van Noag en die spesifieke manier waarop Gam dit gebruik het om hom te onteer, is iets

wat al op verskillende maniere uitgelê is. Omdat daar 'n grondteks verband met sondige seksuele omgang is, is daar al beweer dat Gam op hierdie manier sy vader ontteer het. Daar is ook bewerings van die fisiese verwydering van die vermoë om 'n verdere nageslag te kon verwek. Maar uiteindelik is die letterlik naaktheid en die bespotting daarvan steeds die mees logiese en sinvolle verduideliking van hier in ons teksgedeelte gebeur.

In die antieke geskiedenis was fisiese naaktheid 'n groot skande en verleentheid. Vandag word die grense in hierdie verband gereeld uitgedaag. Tog voel Gam se optrede eintlik baie modern vir ons. Want vandag in 'n sosiale behepte samelewing word 'n selffoonkamera mos eerste uitgepluk wanneer iets sleg of boos gebeur. Presies die ekwivalent gebeur in ons teksgedeelte. Gam kan nie wag om sy broers te gaan vertel van hulle pa se naaktheid, hy wil hê hulle moet ook kom kyk en saam die spot dryf met hulle vader.

Ons kan in kort sê hierdie optrede gaan lynreg in teen die 5de gebod. Om spesifiek te gaan soek, of self per toeval op die tekortkominge van gesag af te kom, is een ding. Maar om dit dan te gaan gebruik om die spot te dryf in die publiek met daardie gesagsfiguur is iets anders. Dit is 'n optrede wat duidelik uit die bose en donker gebore word.

3. Die bedekking van tekortkominge

Maar daar is ook twee ander rolspelers in ons teksgedeelte, Sem en Jafet. Wanneer hulle die nuus oor hulle vader hoor, dan sien ons nie dieselfde spot optrede nie. Nee, daar is iets van 'n diepe eer en respek wat ons aantref by hulle. Hulle neem 'n kleed skouer hoogte en stap agteruit na hulle vader. Agteruit sodat hulle nie eers per ongeluk die naaktheid van hulle vader sou aanskou nie. Dan gebruik hulle hierdie kleed om die naaktheid van hulle vader te bedek.

Dit is hier waar ons die hart sien, van dit wat dit wat ons in Sondag 39 bely met die woorde: "Ook moet ek met hulle gebreke geduld hê". Om lief te hê soos 1 Korintheërs 13: 7: "Die liefde bedek alles, glo alles, hoop alles, verdra alles." Natuurlik is dit nie nou 'n lisensie om enige iets te doen wat ons wil wanneer ons in 'n gesagsposisie beland nie. Dit gaan ook nie oor absolute onverantwoordelike gesagsgehoorsaamheid nie. Ons as gelowiges weet tog dat ons altyd meer aan God moet gehoorsaam wees, as aan mense.

Soos ons reeds gesê het, is daar nie in ons teksgedeelte sprake van seksuele misbruik of ander mishandeling nie. Nee, hierdie sonde van Noag sou net moes bedek word, tot dit nugter bespreek kon word. Ons moet ook so met mekaar se sonde, maar veral wanneer dit by gesagspersone kom,

handel. Wanneer dit by die teregwyding kom van persone wat God in gesag bo oor my geplaas het, is dit baie belangrik dat die Matteus 18 pad nie vergeet word nie. Ons moet die sonde met liefde bedek terwyl ons 'n broer of suster begelei om in bekering voor die Here te buig. En dit is veral hierdie werkswyse wat belangrik is, wanneer ons ook met gesagspersone werk,

4. Om die Vader volmaak te eer

Die vyfde gebod net soos die ander nege kan nie volmaak deur enige mens, behalwe een onderhou word nie. Ons Here Jesus Christus kom vervul nie net al die gebooie volmaak in ons plek nie. Hy kom stel ook die volmaaakte goddelike voorbeeld vir wetsonderhouding vir ons. In hierdie gehoorsaamheid sien ons dat Hy van die Hemel af na die aarde kom. Hier kom neem Hy ons sondes op Hom en sterf daarvoor.

Tog dink ons mens met ons ingesteldheid in die middelpunt dat dit alles oor ons gaan. Maar ons vergeet dat ons sonde en skuld oneer en skande vir ons hemelse Vader bring. Om dus ons skuld weg te neem, is om die Hemelse Vader se eer en heerlijkheid te herstel. Maar dit is ook die spesiale manier waarop die Christus dit kom doen.

Hy kom kla ons nie voor die Vader aan nie. Hy maak ons nie van ons 'n bepotting in die openbaar nie. Ons

Here Jesus Christus kom bedek ons met Sy liggaam en bloed. Uiteindelik word al ons sonde vergewe deur hierdie volmaakte offer van die Here. Om dit alles nog te verduidelik in terme van onderdanig wees aan gesag, maak net die genade nog groter. Want dit is natuurlik ons wat onder Christus se gesag gestaan het en nie andersom nie.

Om dus uiteindelik geduld en deernis met die gebreke van die persone wat in gesag oor ons aangestel is uit te oefen, is ook om ons hemelse Vader te eer en te verheerlik. Om die sonde te bedek, en op die regte manier saam die pad tot bekering te stap, is om God te eer en te verheerlik. Wanneer gesag ook op hierdie manier hanteer word, sal daar 'n lang geseënde lewe, in 'n rustige land volg.

5. Slot

Ons kan vanaand die leerdiens met 'n praktiese voorbeeld afsluit. 'n Rukkie gelede was die mode om juis die manier te gaan soek waarop jou ouers jou te na gekom het in jou lewe. Die sielkundige doel van hierdie oefening was dan juis om hulle daarvoor te vergewe. Daar is dan ook beweer dat 'n mens jou eie tekortkoming en ingesteldheid beter sal verstaan na hierdie oefening.

Tog is die duidelik uit 'n Ateïstiese ingestelheid gebore. Die bewering dat alles om die mens draai, en dat hy homself aan sy eie skoenveters kan

optel na nuwe hoogtes. Verder voed dit ook die slagoffer ingeseldheid dat alles wat fout is nie my skuld is nie, maar ekstern aan my gedoen is.

Die vyfde gebod leer iets heeltemal anders aan ons. Dit leer ons eerstens dat ons ouers net soos ander mense wat in gesag bo ons aangestel is, steeds mense is nie God nie. Met ander woorde hierdie mense sal ook sonde hê. Maar juis as gevolg van ons verlossing en redding in die Here Jesus Christus, hoef ons nie op die sonde te fokus nie. Die sonde is bedek in die bloed wat ons Here Jesus Christus aan die kruis vir ons kom stort het. Dit geld natuurlik ook vir die sonde van die gesagsfigure oor ons.

Daarom bly die antwoord om juis die fokus van die mens, enige en alle mense af te draai terug na God toe. By Hom sal ons geen sonde of tekortkoming vind nie. Verder sal ons eie en die tekortkominge van mense in gesag oor ons duidelik sigbaar word. Maar dit kan dan ook juis voor die kruis gelê word vir verlossing en redding. Dit is die bybelse manier waarop gesag oor ons gerespekteer en hanteer behoort te word.

Amen